

14 Januarie

Skrifgedeelte: Esegïel 18  
Fokusgedeelte: Esegïel 18:1-4  
HK, Vraag 14

### God skryf Christus op ons rekening

Baie mense het figuurlik gesproke al groen druiwe geëet en die gevolge daarvan self gedra. Soveel keer is artikels op skuld gekoop en die gevolge is by tye bitter suur. Almal weet dat wanneer jy vir skuld teken, moet jy self betaal. Dit sou onregverdig wees as jy vir iemand anders se skuld moet pa staan. Sakeondernemings wat krediet verleen, sou in sekere gevalle nie omgee wie jou skuld betaal nie – solank dit net betaal word.

God gee egter wel om wie ons skuld by Hom betaal. Hy is immers regverdig (Vraag 12). Daarom is Hy ongelukkig as mense hulle sondeskuld op ander mense se rekenings wil opskryf, soos Israel hulle voorvaders vir hulle eie sondeskuld verantwoordelik wou hou. Voordat God die situasie aan Israel laat verduidelik, begin Hy met die stelling: “Dit is die mens wat sondig wat sal sterf.” Dan kom die verduideliking van die verskillende moontlikhede:

- 'n goeie pa kan 'n slegte seun hê (vers 6-13);
- 'n slegte pa kan weer 'n goeie seun hê (vers 14-18).

Dit sou onregverdig wees as die goeie kind vir sy pa se sonde moet boet. Die twee moontlikhede sê immers dat dit onmoontlik is dat 'n ander mens vir ons sonde kan instaan. God sal dit nie toelaat nie (vers 20), want elkeen staan pa vir sy/haar eie optrede.

Ons kan genadiglik die werklikheid in die oë kyk omdat ons reeds troos het. Vir ons sonde het Christus betaal (Sondag 1) en dít staan op ons rekening afgeskrywe. Ons hoef nie te gryp na spreekwoorde van groen druiwe nie. Ons geniet die vrug van die ryp druif, die teken van Jesus se bloed.

*Sing: Psalm 32:1 (1936-beryming)*

*Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*

*Psalm 32:2 (2001-omdigting)*